NWPF - 2015 WEDVLUGPROGRAM

ROETE: NOORDELIK

VOORSITTER: WILLIE MUNNIK (SEL 082 565 6645) WEDVLUGSEKRETARIS: HEIDI MUNNIK (SEL 082 495 7025)

STREEKSVOORSITTER: DES HUMPEL (SEL 082 370 2869) VERVOERKONTRAKTEUR: AWIE HALGRYN (SEL 079 696 0696)

TROK BESONDERHEDE: Volvo FH12 400 (HYL254NW); HINO 33254 (FKK016NW)

	VOORL LOSL TYD	MANDJIE DATUM	WEDVLUG DATUM	WEDVLUG NAAM	TIPE	GPS PUNTE	NAGTYE		NWPF VLUGTE	SPESIALE KLUB VLUGTE
							SLUIT	OPEN		
KORTPAD	07H15	11-Jun-15	13-Jun-15	RUSTENBURG	JO	25 39' 38.3 S	18h05	6h53		
	07H45			RUSTENBURG	OPE	27 13' 20.2 O				
	07H15	18-Jun-15	20-Jun-15	BRITS	JO	25 37' 33.1 S	18h06	6h55		
	07H45			BRITS	OPE	27 46' 42.3 S				
	07H15	25-Jun-15	27-Jun-15	BRITS	JO	25 37' 33.1 S	18h08	6h56		
	07H45			BRITS	OPE	27 46' 42.3 S				
	07H15	2-Jul-15	4-Jul-15	NORTHAM	JO	25 0' 7.1 S	18h10	6h56		
	07H45			NORTHAM	OPE	27 16' 7.7 O				
	07H15	9-Jul-15	11-Jul-15	NORTHAM	JO	25 0' 7.1 S	18h13	6h55		
	07H45			NORTHAM	OPE	27 16' 7.7 O				
	07H15	16-Jul-15	18-Jul-15	NORTHAM	JO	25 0' 7.1 S	18h16	6h53		
	07H45			NORTHAM	OPE	27 16' 7.7 O				
MIDDELPAD	07H15	23-Jul-15	25-Jul-15	THABAZIMBI	JO	24 34' 56.2 S	18h20	6h50	R20-ring vlug	DELAREY
	07H45			THABAZIMBI	OPE	27 24' 33.8 O				
	07H15	30-Jul-15	1-Aug-15	THABAZIMBI	JO	24 34' 56.2 S	18h23	6h46	JO Kampioen	WOLLIES
	07H45			THABAZIMBI	OPE	27 24' 33.8 O				
	07H00	6-Aug-15	8-Aug-15	THABAZIMBI	JO	24 34' 56.2 S	18h27	6h41		CTA
	07H30			THABAZIMBI	OPE	27 24' 33.8 O				
	07H00	13-Aug-15	15-Aug-15	ELLISRAS	JO	23 38' 37.9 S	18h30	6h35	JO Derby Vlug	DELAREY/DLRY DUURRING
	07H30			ELLISRAS	OPE	27 45' 12.5 O				
	07H00	20-Aug-15	22-Aug-15	ELLISRAS	JO	23 38' 37.9 S	18h34	6h29		DRK
	07H30			ELLISRAS	OPE	27 45' 12.5 O				
	07H00	27-Aug-15	29-Aug-15	ELLISRAS	JO	23 38' 37.9 S	18h37	6h22		WOLLIES/CTA DUURRING
	07H30			ELLISRAS	OPE	27 45' 12.5 O				
LANGPAD	06H30	3-Sep-15	5-Sep-15	TOM BURKE	OPE 1	23 1' 29.2 S	18h40	6h14		DRK/WOLLIES DUURRING
	07H00			TOM BURKE	OPE 2	27 57' 44.8 O				
	06H30	10-Sep-15	12-Sep-15	TOM BURKE	OPE 1	23 1' 29.2 S	18h43	6h06		SRSPV CHALLENGE 1
	07H00			TOM BURKE	OPE 2	27 57' 44.8 O				
	06H20	17-Sep-15	19-Sep-15	TOM BURKE	OPE 1	23 1' 29.2 S	18h46	5h58		CTA/DRK DUURRING
	06H50			TOM BURKE	OPE 2	27 57' 44.8 O				
	06H10	24-Sep-15	26-Sep-15	ALLDAYS	OPE 1	22 40' 49.4 S	18h49	5h50		SRSPV CLASSIC
	06H40			ALLDAYS	OPE 2	29 6' 23.8 O				
	06H00	1-Oct-15	3-Oct-15	ALLDAYS	OPE 1	22 40' 49.4 S	18h52	5h42	2Jaaroud Kampioenskap	CTA BOERPOT/SRSPV BIG BONANZA
	06H30			ALLDAYS	OPE 2	29 6' 23.8 O				
	06H00	8-Oct-15	10-Oct-15	ALLDAYS	OPE 1	22 40' 49.4 S	18h55	5h35	Kampioen van Kampioene	SRSPV CHALLENGE 2
	06H30			ALLDAYS	OPE 2	29 6' 23.8 O				

KOMMENTAAR:

1. Oefenduiwe sal volgens lid se keuse Vrydae op oefenpunt soos bepaal op AJV of Saterdae op Eindpunt gelos word.
2. Alle wedvlugte word die 1ste en 2de loslating 30minute na mekaar gelos, onder normale weersomstandighede.
3. 1ste Loslating geskied so vroeg as moontlik volgens SANPO reels.
4. Die 1ste loslating van die 1ste 12 vlugte is J/O en 2de loslating Ope vlugte.
5. Duiwe met 2015 ringe mag aan alle vlugte deelneem, MAAR sal nie kwalifiseer vir die volgende kampioenskappe nie
   - J/O Kampioenskap 01 August 2015
   - J/O Derby 15 August 2015

   (Let wel: 2015 ringe sal wel vir punte tel indien gemandjie, sal net uitgesluit word vir bepaling van J/O Kampioenskap/Derby)
6. Loslatingstye en GPS koordinate (indien gewysig) sal per sms direk na loslating aan alle lede versend word.
7. Loslatingstye/-punte kan agv onvoorsiene omstandighede in diskresie van die Voorsitter, Ondervoorsitter & Wedvlugsekretaris gewysig word.

NEEM ASB KENNIS:

NOMINASIE VAN DERBY & R20-WEDVLUGRINGE

Geliewe te let dat u die lyste van ringnommers vir genomineerde duiwe vir bostaande wedvlugte **VOOR** die eerste amptelike wedvlug, tesame met bewys van betaling, aan die wedvlugsekretaris moet deurgee.

1. 2014 Derby ringe

'n Prysverskil van R2 per ring (genomineer in groepe van ten minste 10 ringe).

Enige ringe wat nie reeds NWPF/D ringe is kan genomineer word.

2. R20-wedvlugringe

Slegs JO wedvlugduiwe mag deelneem. Geen reekse hoef genomineer te word nie (enkel duiwe toelaatbaar).

Dieselfde prysgeld ratio as wat met federasie veiling uitbetaal word sal gebruik word. Betaling van R20 nominasiegelde moes tesame met die

Wedvlugadvieslys inbetaal word, maar u kan nog tot voor die eerste amptelike wedvlug die duifnommers nomineer. Die datum van die vlug is 25-Jul-15

MEER AS EEN LID VANUIT EEN HOK

Lede wat meer as een lid vanuit dieselfde hok vlieg moet hul ringnommers tov duiwe wat deur elke lid vir die jaar gevlieg VOOR die eerste amptelike wedvlug aan die wedvlugsekretaris van sy klub en ook van die federasie deurgee.

INSKRYWINGSVORMS

Lid inskrywingsvorms moet jaarliks deur elke lid in u klub voltooi en onderteken word. Alle vorms moet **nie later as Donderdag 11 Junie 2015** aan Awie oorhandig word (sit asb alle vorms in een koevert gemerk "Lid Inskrywingsvorms"). Dit is uiters belangrik dat die wedvlugsekretaris hierdie vorms voor die eerste amptelike vlug moet ontvang, aangesien dit inligting bevat vir die 3-jaar rondomtalie punteskema.

Let asb ook op dat elke nuwe lid wat nie vorige jaar gevlieg het nie 'n nuwe lidnommer vanaf die wedvlugsekretaris van die federasie moet kry. As u self nommers toeken kan daar oorvleueling in die Federasie plaasvind.

Ander reelings mbt die seisoen:

1. U word versoek om strooi in die mandjies as vloerbedekking te sit en **NIKS op die mandjies te skryf nie**.

2. 'n Aparte lys moet weekliks opgestel word en vir die vervoerkontrakteur gegee word tov waar die oefenduiwe gelos moet word. 'n Gedrukte boekie kan bestel word waarop u lede se mandjienommers en name voorkom vir elke week, waar die lid slegs 'n kruisie trek teenoor sy naam waar die oefenduiwe gelos moet word. Indien u belangstel, epos asb die name van u lede en die oefenmandjienommers sodat boekies gedruk kan word. Die boekie is selfdeurslag en word in duplikaat gedruk sodat die boonste kopie uitgeskeur kan word en aan vervoerkontrakteur oorhandig word.

3. Alle klubs moet asb hul **oefenmandjies** seël met 'cable ties' en nie draad. Die vervoerkontrakteur sukkel geweldig om die draad gesny te kry met loslating. Sommige klubs seël glad nie hul oefenmandjies nie en die risiko, indien die mandjies tydens vervoer sou oopgaan, gaan oor op die lid en nie die vervoerkontrakteur. Die **wedvlugmandjies** se groot deur moet aan een kant met die gebruiklike seeldraad en seël geseël word en die ander kant 'n cable-tie EN die klein deurtjie moet met die gebruiklike seëldraad en seël geseël word. ALLE KASTE: Die klein ringetjie aan ketting moet AGTER die pennetjie gehaak word.

4. Volgens SANPO reels (verwys Bylae F, spesifiek punt 4.2) moet elke lid voor die seisoen begin 'n lys van sy/haar duifnommers, wat aandui aan watter elektroniese ringnommer aan die ring gekoppel is, aan die wedvlugsekretaris van klub oorhandig. Hierdie lys moet in duplikaat voorsien word, deur die lid en wedvlugsekretaris onderteken word, en deur die lid en wedvlugsekretaris van die klub gehou word. Indien enige veranderinge deur die seisoen aan die ringe aangebring word, moet hierdie lys weer uitgedruk en onderteken en op register geplaas word. Die wedvlugsekretaris van NWPF kan ter enige tyd die lys vanaf die wedvlugsekretaris van die klub aanvra om te kontroleer, hou dus asb u lyste op rekord. Indien 'n ringnommer tydens 'n wedvlug verskil van die van die lys wat op register gehou word, moet hierdie duif vir die wedvlug gediskwalifiseer word!

5. Ons versoek alle klubs om saam te werk met die vervoerkontrakteur ten einde die mandjies Donderdae aande betyds aan die vervoerkontrakteur beskikbaar te stel. Indien die klubs die vervoerkontrakteur ophou, veroorsaak dit dat die hele roete opgehou word en kan die vervoerkontrakteur nie betyds op die bestemmings uitkom nie. Ons maak staat op alle klubs se samewerking in die verband.

6. Alle klubs se wedvluguitslae (Output to organisation) moet asb @ Sondagaand die Federasie wedvlugsekretaris bereik ten einde vroegtydig Federasie resultate beskikbaar te stel. (epos na admin@nwpf.co.za)

7. **Sertifikaat van Inkorwing.** Kyk asb of u boek nog vir 18 wedvlugte voldoende sal wees of bestel vroegtyding een. Hierdie vorm MOET volledig voltooi en oorhandig word aan die vervoerkontrakteur op die Donderdag-aand van mandjie. Onthou asb ook om die aantal spanne en duiwe wat aan die wedvlug deelneem op die F4-Liberation Points van die Speebird program (Change) te voltooi. Indien hierdie inligting nie volledig is nie, kan die statistiek wat op die Federasie resultate voorkom nie akkuraat gegee word nie.

8. Die klokrolle en elektroniese uitslae van u lede moet na die wedvlugsekretaris versend word, VERAL die lede wat posisies in die federasie vlieg vir die betrokke vlug. Hierdie posisies moet geverifieer word en is dit noodsaaklik dat die klokrolle/uitdrukke beskikbaar moet wees daarvoor ten einde diskwalifikasie te voorkom.